

Algemene vrae oor die menslike papilloomvirus (MPV)

Infeksie met die menslike papilloomvirus (MPV) verhoog die kans vir servikskanker later in die lewe aansienlik. Daar is geen behandeling vir die virus self nie, maar daar is behandeling vir die gesondheidsprobleme wat deur MPV veroorsaak kan word.

Wat is MPV?

MPV (menslike papilloomvirus) is 'n algemene seksueel oordraagbare infeksie, wat die meeste mense in een of ander stadium in hul lewe raak. Daar is baie tipes MPV. Sommige tipes veroorsaak gesondheidsprobleme insluitend genitale vratte en kanker. Maar daar is 'n entstof wat hierdie gesondheidsprobleme kan voorkom.



Wie kan MPV kry?

Beide vroue en mans wat seksueel aktief is kan MPV kry. Die algemeenste manier van oordrag is deur middel van seks, maar dit kan ook oorgedra word deur enige soort vel-tot-vel-kontak en van ma na kind. MPV kan oorgedra word selfs wanneer 'n persoon wat dit het geen tekens of simptome toon nie.



Is dit moontlik om te sê of 'n persoon MPV het deur net na hulle te kyk?

Nee. Die MPV-infeksie kan nie gesien word nie en in die meeste gevalle is daar geen sigbare tekens nie.

Ek is swanger. Sal dit my swangerskap affekteer as ek MPV het?

As jy swanger is en MPV het, kan jy genitale vratte kry of abnormale selveranderinge op jou serviks ontwikkel. Abnormale selveranderinge kan opgespoor word met roetinesifting vir servikskanker. Jy moet roetinesifting vir servikskanker laat doen selfs as jy swanger is.



Is MPV en MIV dieselfde?

Nee. MPV moenie verwar word met MIV nie. Dis albei virusse, maar dit affekteer die menslike liggaam op heeltemal verskillende maniere.



Veroorsaak MPV kanker?

MPV kan servikskanker en ander tipes kanker insluitend kanker van die vulva, penis of anus veroorsaak. Dit kan ook kanker veroorsaak in die agterkant van die keel, insluitend die basis van die tong en mangels.

Wat is servikskanker?

Servikskanker is 'n kanker wat die serviks affekteer. Die serviks is die laer deel (bekend as die nek) van die baarmoeder. Volgens die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad is servikskanker die grootste oorsaak van kanker onder vroue tussen 15 en 44 jaar oud in Suid-Afrika. Kanker is wanneer abnormale selle in die menslike liggaam baie vinnig begin groei en nie deur normale liggaamsproesse beheer kan word nie. Die normale selle word met tyd deur kankerselle vervang en sonder vroeë diagnose en behandeling kan die persoon sterf.



Hoe kan jy bevestig of 'n persoon servikskanker het?

Dit hang af van wat bekend staan as die stadium van die siekte. Vroue met kanker wat in die vroeë stadium is, kan dalk geen siektetekens ervaar nie. In hierdie gevalle is 'n spesiale toets nodig om vas te stel of daar vroeë tekens is dat die persoon servikskanker ontwikkel, genaamd 'n Papsmeer. Die selle van die serviks word ingesamel en na 'n laboratorium gestuur vir toetse en bevestiging.



In die latere en gevorderde stadiums van die siekte, kan vroue begin om abnormale bloeding, vaginale afskeiding, bloeding na omgang en verlies aan urine-beheer te ervaar.

Is die MPV-entstof deeglik getoets en voorheen gebruik?

Die MPV-entstof is veilig en mees doeltreffend wanneer dit verskaf word vanaf negejarige ouderdom of voordat meisies seksueel aktief word. Die MPV-entstof is in 2008 in Suid-Afrika goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte vir die doeltreffendheid en veiligheid daarvan.



Hoe veilig en doeltreffend is die entstof?

Die MPV-entstof wat in Suid-Afrika gebruik word, is baie veilig en doeltreffend om MPV-tipes 16 en 18 te voorkom. Die MPV-entstof bied hoop aan almal van ons vir 'n wêreld wat vry is van servikskanker, en MPV-infeksie kan verminder word as groepimmunitet bereik word deur die gebruik van die entstof.



Sal ek MPV-infeksie kry van die MPV-entstof?

Nee. Die entstof is nie aansteeklik nie, en jy sal nie MPV-infeksie kry deur inenting nie.

Wat is die skoolgebaseerde MPV-inentingsveldtog?

In 2014, het die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid, saam met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, die MPV-inentingsveldtogte twee keer per jaar in skole bekend gestel as deel van die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram. Verpleegkundiges sal staatskole besoek om meisies in te ent wat in graad 5 is.



Wie gaan gedurende hierdie veldtog ingeënt word?

Meisies in graad 5 in staatskole en meisies in spesiale skole wat nege jaar oud en ouer is sal ingeënt word, met die nodige toestemming.

5

Hoekom word net meisies in graad 5 gedurende hierdie veldtog ingeënt?

Hierdie entstof is die doeltreffendste wanneer dit verskaf word voordat seksuele aktiwiteit begin, en is geregistreer vir gebruik in seuns en meisies vanaf negejarige ouderdom. Omdat 7 jaar die toelatingsouderdom vir graad 1 is, sal die meeste meisies in graad 5 tussen 9 en 10 jaar oud wees. Graad 5 is dus geïdentifiseer as die geskikste graad om met die inenting te begin.



Hoekom kry seuns nie die MPV-entstof nie?

In 'n ideale wêreld behoort beide meisies en seuns die MPV-inenting te kry om te verseker dat minder mense met MPV aangesteek word (groepimmunitet). Weens beperkte hulpbronne word hierdie veldtog egter tans beperk tot vroue.



Hoekom moet meisies teen MPV ingeënt word

Die MPV-entstof is belangrik om teen MPV-infeksie te beskerm wat later in die lewe tot servikskanker kan lei.

Hoeveel dosisse van die MPV-entstof is nodig?

Twee dosisse ('n minimum van vyf maande uitmekaar) word gratis aangebied aan meisies ouer as nege jaar in spesiale skole of in graad 5 in staatskole om ten volle beskerm te wees.



Wat is die nuwe-effekte van die MPV-entstof?

Soos met alle inentings, kan die area waar die inspuiting toegedien is by sommige meisies gekneus of rooi wees.

Het die meisies hul ouers of versorgers se toestemming nodig om ingeënt te word?

Ja. Ouers of versorgers moet ondertekende toestemming verskaf sodat die meisies ingeënt kan word. Vir die toestemming om geldig te wees, moet dit ingelig wees, verstaan word en vrywillig wees, en die persoon wat die toestemming gee moet die kapasiteit hê om die besluit te maak. Meisies wat 12 jaar oud en ouer is kan self toestemming gee.



Waar gaan die MPV-inentingsveldtog uitgevoer word?

Die MPV-inenting sal in staatskole oor die hele provinsie toegedien word.



Wie sal die inenting uitvoer?

Opgeleide spanne gesondheidsorgwerkers sal die entstof toedien.

As 'n meisie of vrou nie voldoen aan die kriteria om die MPV-entstof te kry nie, wat kan gedoen word om haar teen servikskanker te beskerm?

Sy kan na 'n privaat praktisyn gaan en 'n voorskrif vir die MPV-entstof vra. As sy reeds in gevaar is vir MPV, word daar aanbeveel dat sy roetine- siftingstoetse laat doen.



Vir enige navrae, kontak ons gerus by:

Wes-Kaapse Regering Kontaksentrum: 0860 142 142 (8:00 tot 20:00)

MPV-webtuiste: www.westerncape.gov.za/general-publication/hpv-vaccinations